

HOOFSTUK I

PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK

1. PROBLEEMSTELLING

Dit is 'n aanvaarde feit dat eerstejaarstudente, dit is studente wat vir die eerste keer by 'n universiteit inskryf, probleme ondervind om hul aan te pas by die universiteitsomstandighede wat so radikaal verskillend is van dié waaraan hulle op skool gewoon was. Die verskil tussen die middelbare skool en die universiteit, verkeerde studiemetodes, persoonlikheidsprobleme, en die onrypheid van sommige toetredende studente is bekende oorsake van swak vordering en aanpassing. Maar hierby kom ook die feit dat universiteite bepaalde akademiese standaarde stel en dat alle studente nie in staat is om hieraan te voldoen nie. „Colleges cannot be things to all students. Certain academic standards must exist. Because some persons cannot benefit from college, need exists to help students to know reasonably well their chances of success not only for their benefit but also for the advantages of the institution.”¹

Die gevolge van swak vordering en aanpassing van studente is omvangryk en wek kommer; die student wat swak vorder, kan die eksamen drui; hy kan belangstelling in sy studies verloor; hy kan sy kursus kanselleer, 'n nuwe rigting inslaan en as gevolg hiervan in sy latere profesie ongelukkig wees; druiing bring 'n ernstige verkwisting van geld mee waardeur die student, sy ouers en die staat nadelig getref word; en daarby is dit ook 'n verkwisting van kosbare mannekrag soos blyk uit die Steyn-verslag wat aandui dat 55 persent van die betrokke voltydse studente wat as eerstejaars ingeskrywe was 'n

1. SCHMID, J. en REED, S.R.: Factors in retention of residence hall freshmen in The Journal of Experimental Education, Vol. 35, No. 1, 1966, 28.

eerste graad binne 'n tydperk wat wissel van die minimum tot twee jaar daarna behaal, en dat ongeveer 45 persent van die studente nie 'n graad kon behaal nie.² Dit vergelyk gunstig met die V.S.A. waar slegs 54.6 persent van die begingenerasie studente van 1961 wel Baccalaureus-grade ontvang het, met Frankryk waar tussen 35 en 40 persent van die begingenerasie na streng seleksie op pre-universitêre vlak die vierjarige graad behaal, en met Nederland waar 64 persent van 'n begingenerasie mans en 61 persent dames die eksamen slaag.³

Dit spreek vanself dat universiteite in wye kring intensiewe en voortdurende aandag aan die bogenoemde probleem van eerstejaars-druiping en wanaanpassing gee en verskillende maatreëls aanwend om die vraagstuk te bekamp soos verderaan sal blyk.

Aangesien ook die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys voor genoemde probleem te staan kom, beoog die Fakulteit Opvoedkunde van hierdie universiteit 'n deurtastende ondersoek van die hele vraagstuk van eerstejaarswanaanpassing en -druiping met die oog op die moontlike verbetering van die bestaande voorligtingsdiens aan studente. Een van die fasette van die bestaande voorligtingsdiens aan die P.U. vir C.H.O. is 'n stelsel van voorgedosente.⁴ Vandaar dat skrywer hiervan deur die Fakulteit Opvoedkunde, met die geldelike steun van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, aangewys is as navorsingsassistent met die spesifieke opdrag om die funksionering van die bestaande voorgedosentstelsel te ondersoek.

-
2. NASIONALE BURO VIR OPVOEDKUNDIGE EN MAATSKAPLIKE NAVORSING: 'n Statistiese studie in verband met die aansluiting tussen skool en universiteit, in Navorsing, Opvoedkundig en maatskaplik, Vol. 6, No. 1, Junie 1965, 22.
 3. RAUTENBACH, C.H.: Aanpassing van die hoërskoolleerling by die universiteit, in Skakelblad, Jaargang 13, No. 3, Nov. 1966, 5.
 4. Besonderhede word in Hoofstuk III verstrek.

2. NADERE BEPALING VAN DIE DOEL EN OMVANG VAN DIE ONDERSOEK

Met hierdie ondersoek van die voorgdosentstelsel word spesifiek beoog om die waarde daarvan te bepaal deur die moontlike leemtes en voortreflikhede daarvan bloot te lê. Op grond van die evaluering sal vervolgens vasgestel word of dit die moeite sal loon om met die stelsel voort te gaan en, indien wel, welke verbeterings daarin aangebring behoort te word om die leemtes uit te skakel.

Ten einde die voorgdosentstelsel, wat slegs een van die vele maatreëls is wat die Universiteit aanwend om swak vordering en aanpassing onder studente te bekamp, te evalueer, is dit nodig om vooraf vas te stel met welke probleme eerstejaarstudente aan 'n universiteit te kamp het. Hierbenewens is dit nodig om vas te stel wat deur ander universiteite gedoen word om soortgelyke probleme die hoof te bied.

Vervolgens is dit nodig om die ontstaan en historiese ontwikkelingsgang van die voorligtingstelsel in die algemeen en van die voorgdosentstelsel in die besonder aan die P.U. vir C.H.O. te skets en 'n duidelike beskrywing van die huidige voorgdosentstelsel te gee.

Ten slotte moet 'n deurtastende ondersoek onderneem word na die waarde en gebreke van die stelsel en moet, indien nodig, aanbevelings aan die hand gedoen word om die stelsel te verbeter.

3. METODE VAN DIE ONDERSOEK

In hierdie ondersoek sal veral van die volgende metodes gebruik gemaak word:

(a) Die vraelys

In weerwil van die uitspraak: "...the most important piece of advice about questionnaire technique would be to avoid it entirely,"⁵ moes die ondersoeker van verskillende vraelyste

5. CRAWFORD, C.C.: The technique of research in education, 177.

gebruik maak omdat die nodige gegewens nouliks op 'n ander wyse ingewin kon word.

(i) Vraagbrief aan universiteite.⁶

Hierdie vraagbrief is gebruik om besonderhede te verkry van wat aan ander universiteite gedoen word om die vraagstuk van swak vordering en aanpassing van eerstejaarstudente die hoof te bied.

'n Studie is vooraf gemaak van verskillende maatreëls wat in hierdie verband deur universiteite toegepas word, en op grond hiervan is 'n vraagbrief opgestel.⁷ Hierdie vraagbrief is aan die registrateurs van 8 Suid-Afrikaanse residensiële universiteite vir voltooiing gestuur.⁸ Na 'n opvolgvraelys is antwoorde van al 8 universiteite terug-ontvang.

(ii) Vraelys aan voorgdosente en gewese voorgdosente.⁹

Hierdie vraelys is opgestel met die doel om die waarde van die huidige voorgdosentstelsel ten opsigte van die eerstejaarstudent se vordering en aanpassing aan die Universiteit te bepaal, om uit die antwoorde leemtes en voortreflikhede van die stelsel te probeer bepaal, en om aanbevelings van die kant van die voorgdosente, gewese voorgdosente en dosente, vir 'n ver-

6. Kyk Bylaes I en II.
7. TAUTE, B. en JANSE VAN RENSBURG, J.A.: Die navorsing van skoolprobleme, 18 - 34 en CRAWFORD, C.C.: ibid., loc. cit.
8. Die Universiteit van Suid-Afrika is buite rekening gelaat omdat hierdie Universiteit net korresponderende studente het.
9. Kyk Bylae IV.

beterde voorgedosementstelsel te kry. Ook hierdie vraelys is saamgestel volgens die eise wat aan 'n wetenskaplike vraelys gestel word.¹⁰

Vraelyste is gedurende die tweede semester van 1966 aan die hele doserende personeel, nl. 156 dosente, van die P.U. vir C.H.O. gestuur met 'n begeleidende brief van die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde wat as motivering vir die voltooiing van die vraelyste moes dien.¹¹ Nadat twee aanmanings en opvolgvraelyste uitgestuur is aan diegene wat nie vraelyste ingelewer het nie, is voltooide vraelyste deur altesame 80 of 51.3 persent van die 156 dosente ingedien. Hiervan was 64 afkomstig van voorgedosente en gewese voorgedosente. Dit is ongeveer 61.5 persent van die 104 voorgedosente en gewese voorgedosente wat ten tye van die ondersoek nog aan die Universiteit verbonde was. Die orige 16 vraelyste is ontvang van 52 dosente wat nog nooit voorgedosente was nie, sodat slegs van 30.8 persent nie-voorgedosente antwoorde ontvang is.

Die rede waarom ook nie-voorgedosente die vraelys moes voltooi, was om ook dáárdie dosente se opinies en aanbevelings in verband met die stelsel te kry. Daar moet ook op gewys word dat slegs sekere vrae van die vraelys deur nie-voorgedosente beantwoord kon word. Om hierdie rede en omdat so 'n klein persentasie van hulle vraelyste voltooi het, is hul antwoorde net by hierdie betrokke vrae in aanmerking geneem en sal hoogstens

10. TAUTE, B. en JANSE VAN RENSBURG, J.A.: *ibid.*, loc. cit. en CRAWFORD, C.C.: *ibid.*, loc. cit.

11. Kyk Bylae III.

tentatiewe afleidings van hulle antwoorde gemaak word. Om dieselfde rede is die reaksies van die voorgdosente en van die nie-voogdosente afsonderlik bereken, getabuleer en vertolk.

(iii) Vraelys aan alle eerstejaarstudente.¹²

Hierdie vraelys is opgestel met die doel om die hele voorligtingstelsel van die Universiteit vanuit die standpunt van die student, vir wie dit bedoel is, te evalueer.¹³ Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is hoofsaaklik dié afdelings van die vraelys wat op die voogdosente betrekking het, van belang, nl. vrae 5(m) tot (o), 6, 7(f) en (h), maar ook vrae 2(e) tot (g), 3(a), (k), (l), 3(m)(i) tot 3(m)(xv), 4(f) tot (i), 4(j) en (k), 7(a), 8(f)(i) tot (ix), 8(k) en (l), wat op probleme van eerstejaars betrekking het.

Ook hierdie vraelys is volgens die aanvaarde prosedure van vraelyssamestelling opgestel en onder die naam van die Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde uitgereik. Anonimiteit van respondente is verseker.

Die vraelyste is onder toesig van die huisvaders van die verskillende mans- en dameskoshuise deur die betrokke huiskomitees aan die eerstejaarstudente in die koshuise oorhandig wat in iedere koshuis op 'n bepaalde tyd en op 'n sentrale plek bymekaar gekom het om die vraelyste onder toesig van die Huiskomitee te voltooi. In die tien koshuise is 325 vraelyste aldus voltooi en dit verteenwoordig 83 persent van die totale aantal eerstejaarkosgangers.

Aan die 69 eerstejaarstudente wat nie in koshuise

12. Kyk Bylae V.

13. Die vraelys sluit meer in as wat met hierdie ondersoek beoog word, omdat hierdie ondersoek slegs 'n onderdeel van 'n omvangryker projek is.

woonagtig was nie, te wete die studente wat by hul ouers woon of wat privaat loseer, is vraelyste per pos gestuur. Na twee aanmanings, 'n opvolgvraelys en 'n persoonlike besoek aan die betrokke studente, is 53 voltooide vraelyste ontvang. Van hierdie 53 was 9 afkomstig van onderwyskollegestudente, wat in hierdie ondersoek buite rekening gelaat is, en 2 van die vraelyste is onvoltooid ontvang, aangesien dié twee studente hulle kursusse gekanselleer het. Twee-en-veertig, d.w.s. 72 persent, van die vraelyste van nie-kosgangers wat uitsluitlik universiteitstudente is, is derhalwe uiteindelik verwerk.

(b) Persoonlike onderhoude.¹⁴

Vervolgens is 'n aantal persone uitgesoek wat deeglike kennis en ervaring van die ontstaan en ontwikkeling van die voorgedosementstelsel het, en persoonlike onderhoude is met hulle gevoer met die oog op waardebeoordeling van die stelsel en, waar nodig, op aanbevelings vir 'n verbeterde stelsel.

Tien persone is in hierdie onderhoude betrek, te wete die registrateur, die studente-adviseur en agt ervare voorgedosementse.

(c) Die historiese metode

Van hierdie metode¹⁵ is gebruik gemaak om gegewens te versamel waaruit die historiese ontwikkelingsgang van die voorligting- en voorgedosementstelsel van die P.U. vir C.H.O. geskets kon word. Spesiale verloop is van die

14. Kyk Bylae VI.

15. CILLIERS, S.P.: Maatskaplike navorsing, 59 - 62;
 WHITNEY, F.L.: The elements of research, 192 - 208 en
 MOULY, G.J.: The science of educational research, 202 - 223.

rektor van die Universiteit verkry om insae in vertroulike,
relevante Raads- en Senaatsnotules te verkry.